

SKRIFGEDEELTE: ROMEINE 8:1-17

FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 8:14, 15

Goeie nuus: Daar is troos vir die geesvervulde Godskind

In die eerste sinne van Romeine 8 staan in hedendaagse Afrikaans: “God se oordeel is vir altyd verby vir ons wat aan Jesus Christus behoort. Dit alles is aan die Heilige Gees te danke. Hy het ons splinternuwe mense gemaak. Omdat ons in Christus Jesus glo, het Hy die mag van die sonde én die dood in ons lewe gebreek ...”

Wat 'n hoogtepunt en troos is dié goeie nuus nie in jou lewe nie! Jy móét Romeine 8 lees as die hoofstuk van die Heilige Gees. In jou as mens bevestig Hy troosvol dat jy vrygemaak is van die oordeel van God op grond van die offer van Jesus Christus. Dit stel jou in staat om in die volste sin van die woord in gehoorsaamheid en hartlike gewilligheid vir die Here te kan lewe. Vers 14 sê immers: “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is: Kinders van God ...”

Jy is met ander woorde nie 'n slaaf van God nie, maar sy kind. Jy was 'n slaaf van die sonde. Jy is kind van God en daarom hoef jy nie bang of bevrees te wees nie, maar met kinderlike opgewondenheid kan jy seker daarvan wees dat jy nie steeds met 'n slawehart deur die lewe hoef te gaan nie. Allermens, want die Heilige Gees skeep in jou ook die gesindheid van 'n kind (vs 15). Hy maak die “Abba”-roep in jou wakker. Hy maak 'n diep verlange na God in jou wakker. Dit is Hy wat meteen ook jou Vader (“Pappa”) in die hemel is.

Die kindergesindheid maak werklik alles anders. Wie vir God “Vader” leer sê het, ervaar dat sy godsdienst nie bloot 'n plig is nie, maar 'n voorreg; nie 'n moet nie, maar 'n mag; 'n saak van blydskap en liefde en nie van vrees en 'n slawegees nie. Jy is kind van God, getuie vir Christus, nie omdat jy bloot beveel is om dit te wees nie, maar omdat jy jou Vader kinderlik liefhet.

Goeie nuus – God wat almagtig is, die Skepper van die hemel en aarde, die Vader van Jesus Christus, sê aan jou: Jy is my kind! Koningskind nou en vir altyd. Kan daar beter nuus wees?

Sing: Psalm 100:2

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)